# DIE MISTIEK—'N BESKOUING VOLGENS DIE STANDPUNT VAN N. A. BERDYAEV (BERDJAJEW).

Onder opskrif van „Reformatie en Mystiek" het in 'n vorige uitgawe van „Hervormde Teologiese Studies" 'n artikel verskyn van Prof. Dr. W. J. Aalders. In hierdie artikel word o.a. gewys op die verskillende vorms van die Mistiek. In hierdie artikel wil getrag word om die onderwerp enigsins nader te betrag volgens die beskouing van die Russiese filosoof Berdyaev (ook Berdjajew).

Nikolai Alexandrowitsch Berdjajew is ongetwyfeld een van die grootste figure in die Russiese geestelike lewe. Seër seker is hy die belangrikste verteenwoordiger van die hedendaagse Russies-filosofiese lewe wat begin met Dostojewsky en Solovyow. Hy het 'n uiters gekompliseerde lewensgang gehad. Alhoewel hy as 'n jong man 'n vurige Marais was, het hy tog streng krities gestaan teenoor die Marxisme in Rusland. As balling in Siberië het hy heeltemal teleurgestel geraak in Marxisme. In 1919 het hy in Moskou die „Vrye Akademie vir geestelike Kultuur" gestig. Hy is uit die Sowjet verban in 1922 vanweë sy ontkenning dat wat as die beste vir die proletariaat geld, die absolute waarheid moet wees. Die waarheid is vir Berdjajew onafhanklik, dit word gedien, is absoluut en dien nie. Hy het 'n vaste geloof in die personalistiese aristokrasie van die gees.

Vanuit Rusland is hy na Duitsland. Met die fascisme en Nazi-isme kon Berdjajew egter ook nie volkome tereg kom nie. Vandaar is hy na Parys en later na Londen. Vir hierdie groot denker vorm die vryheid, veral geestelike vryheid, die basis van alle menslike beskawing en vooruitgang. Treffend by hom is die belang van die skeppende daad, die waarlik diep religieuse grondslag van sy filosofiese beskouings en die personalisme. Die grondslag van sy beskouing oor die Staat is, soos hy dit self noem, die personalistiese sosialisme—die Staat moet nl. bestaan vir die mens en nie die mens vir die Staat nie. In wat verder volg wil getrag word om 'n weergawe te gee van sy beskouing oor die Mistiek.

Die Mistiek dan bring vir die Christen ongetwyfeld spesiale probleme mee. In hierdie sfeer van die lewe is dit so maklik dat blote fantasie as werklikheid beskou mag word. Die mens mag nie in staat wees om die geeste te beproef nie, en die magte van die duisternis mag hulle voordoen as Engele van die Lig. I.p.v. dat hy die nodige verligting (illuminasie) ontvang, mag die magte van die duisternis die nie-ingewyde op 'n heel verkeerde spoor bring.

Die gevare wat egter die geestelike lewe bedreig mag nie daartoe lei dat die mens sig verlustig in 'n lewe wat ontbloot is van alle geestelike vorm nie. 'n Doodgewone alledaagse bestaan en 'n godsdiens wat blote vorm en gewoonte is, mag wel die self-voldaanheid streel

en voed, maar dit lei ongetwyfeld tot die atrofieëring van die dieper-gaande geestelike lewe en die volkome gebrek aan enige skeppende inisiatief. Die Mistiek leer dat mistisisme die nuwe geboorte van die gees beteken, en omdat dit veral hier is waar die eie inisiatief moet geld, kan die mistiek nooit 'n formele vormgodsdiens wees nie— „'n ieder na zijn eigen aard" blyk ook hier die leuse te wees.

Die mees ingewikkelde probleem waarvoor die mistiek te staan kom is die probleem van mens en wêreld in die veelvuldigheid van vorms. Hier blyk die liefde die groot struikelblok te wees. Die misties-asketiese disipline vereis hier 'n totale onverskilligheid (ongevoeligheid) teenoor alle menslike wesens. Die mistiek moet vry wees van alle gehegtheid aan enige iets in die skepping.

Daar is inderdaad 'n reusagtige verskil tussen die sedelike grondslag van die Evangelis en die asketiese sedelikheid van hierdie vorm van die mistiek. Weinig slaag daarin om asketiese ongevoeligheid te versoen met die liefde vir die skepsel en skepping van God. Daar word selfs gepleit vir 'n onpersoonlike en ongedifferensieerde liefde wat eweveel aan alles en almal gee en geen individuele voorkeur ken nie. Dit word dan beskou as einddoel en as middel om dit te bereik deur die nederige eerbied. Hier is blykbaar die punt waar ontsporing plaasvind, want hierdie blote onpersoonlike vorm van liefde staan nie in die teken van die Nuwe Testament nie, veral nie volgens wat aangedui word deur Johannes, die geliefde Apostel, nie. Ons moet die skepping as geheel lief hê, elke menslike wese en inderdaad persoonlike liefde in God en deur God. Dit gaan nie hier om 'n humane liefde wat onpersoonlik en abstrak van aard is nie, maar dit gaan om die liefde van Christus. 'n Nuwe vorm van die Mistiek is dus moontlik en wel sodanig dat afgeskeidenheid en bepeinsing verbind is met die verligte liefde vir die hele skepping en 'n liefde vir elke persoonlikheid. Hierdie vorm van die mistiek word duidelik weerspieël deur die Apostels Johannes en Paulus. In Christus is daar die openbaring van persoonlikheid en die aanduiding van die absolute waarde van elke indiwiduele menslike siel. Daarteenoor staan die askese wat die hart verhard, dit ongevoelig maak teenoor skepsels en indiwiduele persoonlikhede, en gevolglik nie in staat om die Lig en Waarheid van Christelikheid te assimileer nie. Dit is 'n houding wat meer Hindoeisties as Christelik is.

Daar is ook 'n tradisionele mistiek van die liefde. Dit kan gevind word bv. in die mitologiese beskouings van Plato, in die Cabala, by Dante, Boehme, Baader en in die tradisioneel Russiese by Solovyov en Dostojewsky. Weliswaar word hier baie verwarrende trekke gevind, maar dit moet 'n plek vind in die Christelike simboliek want Christus stel ons voor 'n geestelike vorm van liefde wat ten doel het die vergeesteliking van die natuurlike mens en nie die uitdelging daarvan nie.

In die tye wat ons nou belewe het die mistieke renaissance van die Christendom 'n moeilike en spesiale taak. Oor die algemeen gesproke sluit die mistiek 'n absolute onttrekking van die wêreld in, gepaard met 'n algehele oorgawe aan God. Die mistiek moet die „wêreld" oorwin in die betekenis daaraan geheg deur die Evangelie. Die vraag verrys onwillekeurig hoe die Christelike mistiek staan teenoor die Kosmos en teenoor menslike lewe. Uitstyging bo die blote bestaan as skepsel beteken nie die vernietiging van lewe of bestaan in die kosmos of vernietiging van die menslikheid nie; dit beteken veeleer 'n transfigurasie of 'n verligting. Die voor-Christelike mistiek wat sy hoogtepunt by Plotinus bereik het, het groot betekenis daarin dat dit weg van die veelheid gedrywe het, teneinde die Eenheid van alle dinge te bepeins. Plotinus se grootheid lê juis hierin dat hy afgewyk het van die korrupsie van die wêreld teneinde sy aandag te bepaal by 'n nuwe geestelike wêreld. Hierby het hy ingesluit die Griekse idee van die prag van die kosmos.

Die groot probleem bly tog hoe dat die natuurlike wêreld omskep (transfigureer) kan word in die geestelike vorm sonder om sy realiteit te verloor. Hoe sou die bloot psigiese ingeskakel kan word by die geestelike? M.a.w. hoe sal die mens en die kosmos na transfigurasie as sodanig in die mistieke lewe geld of sig laat geld? God wens nie slegs sy eie bestaan nie, maar ook die van die goddelike skepping wat vir ewig duur. Die vergoddeliking van die skepping beteken nie enige verlies in betekenis of nog minder uitdelging daarvan nie. Die mens en die skepping word nie in God uitgedelg nie, maar in God verlig en transfigureer. Slegs wanneer dit gebeur, is dit inderdaad deel van die „Syn" en vrygestel van die „nie-Synde".

„Het die wêreld nie lief nie" in die gees van die Evangeliese bevel, vlug van sy oorheersing, maar terselfdertyd moet die liefde vir die goddelike skepping, vir die kosmos en vir die mens bly staan. Daar moet bo die monastiese en asketiese houding uitgestyg word, want hulle het die wêreld gehaat en verag, en was dus nie in staat om die volle waarheid van Christus te begryp nie; inderdaad nie in staat om Christus self te volg nie. Hierdie houding van die monastiese askese kan nie versoen word met die Nuwe Testamentiese etiek nie. Die mens moet saam met sy medemense in die wêreld bly. Hy moet saam dra aan die las van hulle tragiese lot en tog moet hy volgens die gebod van Christus die wêreld oorwin. Die houding van die monastiese en asketiese wat as 't ware op haat van die wêreld neerkom, mag nie bestaan nie. Die onverskilligheid teenoor die wêreld van die monastiese en asketiese is welbekend. Hierdie vorm van mistiek is abstrak en negatief en is inderdaad in die meerderheid van gevalle glad nie mistisisme nie. In God en in volle oorgawe aan God word die

betekenis van die bestaan van die mens en die skepping eers inderdaad in volheid tot uiting gebring.

By die beoefening van die mistiek word, soos by baie ander dinge, middele die doeleindes op sigselwe. Askese met sy vyandigheid teenoor die mens en die wêreld mag verwarring bring t.o.v. die werklike doeleindes van die mistiek nl. die transfigurasie in God. Dit mag laste op die mens lê wat te moeilik is om te dra en terselfdertyd groot spanning in die siel veroorsaak. Die moeilikheid van die geestelike lewe lê reeds opgesluit in die streng vereiste om versoening teweeg te bring tussen afskeiding van die vele en konsentrasie op die Eenheid met die bevryding en die transfigurasie in die Gees van al die diwerse elemente in die wêreld en by die mens. Daar bly twee weë moontlik en dis moontlik om die twee weë te laat saamsmelt. Die een weg beteken afskeiding van die mens en die wêreld en konsentrasie op God, die versaking van die vele vir die Een, Ewige, Onveranderlike. Die ander weg is die van orientasie tot die mens en die wêreld, tot die vele en tot die wat onderhewig is aan verandering. Die Griekse filosofie kon hierdie probleem nie oplos nie en dit het gelei tot die dualisme. Selfs Plato kon die oplossing nie vind nie, hoewel sy stelling van Eros 'n poging daartoe was. Die Christelikheid erken in beginsel 'n oplossing van hierdie moeilike probleem en poog om die dualisme te bowe te kom. Die volheid van die Christelike waarheid styg bo die menslike begrip uit, en selfs die mistiek het tekort geskiet in hierdie opsig. Weereens bevind ons onsself voor die probleem waarmee die Griekse filosowe, en veral Plato en Plotinus geworstel het. Slegs in die liefde vir Christus en die volheid daarvan is hier 'n oplossing te vinde. Die skeppende vermoë van die mens is 'n verwesenliking van liefde, van Eros, wat illuminasie en eenheid teweeg bring. Die taak van die geestelike lewe is 'n moeilike taak en blyk onmoontlik te wees vir die natuurlike mens, want dit kan slegs geskied deur vereniging van die vrye geestelike afsondering en konsentrasie op die Ewige met die liefde vir die mensdom en die wêreld wat alles transfigureer en omskep. Die opperste doel van die mistiek is nie eenwording met God nie, maar 'n uitkeer uit die self tot elke skepsel. Dit is die verwesenliking van liefde en skeppende krag, want liefde is skeppend. Op hierdie wyse word die gebod van Christus om God bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself, vervul.

Elke gawe van God ontvang, moet in die Christelike liefde verwesenliking vind—met die talente moet gewoeker word, want, sê Paulus: „Daar is verskeidenheid van gawes, maar dit is dieselfde Gees ens." en weer „Blus die Gees nie uit nie, verag die profesieë nie, ondersoek alle dinge, behou die goeie." Die monastiese en asketiese Christendom lei soms wel tot die uitblus van die Gees en onderdrukking van die gawes, dit lei tot intensiewe dualisme en die ontkenning

van die sin van die lewe. Die roeping van die mistisisme is die bevryding van die menslike gees van neerslagtigheid en om die skeppende energie te lei en te regverdig. Mistisisme self het egter in baie gevalle gelei tot die onderdrukking van die skeppende lewe. Die skeppende lewe is beskou as sonde en 'n wegkeer van God. Maar in God word bo die natuurlike wese uitgestyg, en dit is 'n ander menslike wese waarin die skeppende kragte tot uiting kom.

By mistisisme word die natuurlike en menslike sfeer opgeneem in die van die gees en staak die opposisie van mekaar—uitsluitende elemente. Die ware mistiek bevry ons van die gevoel van verdrukking wat ons ervaar en wat voortvloei uit alles wat vreemd is en op ons afgedwing word deur alles van buite. In die mistiek word alles deur die persoon ondervind en belewe as deel van homself, as iets binne hom self in die diepste sin. Die mistiek beteken 'n deurdringing in die binneste kern van die geestelike wêreld, waar alles op 'n heel ander wyse gebeur as by die natuurlike wêreld. Niks is buite die persoon nie, alles is in hom in die diepste van sy eie wese. Hierdie mistieke waarheid staan radikaal teenoor subjektivisme van enige soort, psigologisme en solipsisme. Dit beteken nie dat niks buite myself bestaan nie, of dat alles eenvoudig 'n deel van my eie individuele persoonlike toestand is nie. Inteendeel, hierdie waarheid beteken die manifestasie van die geestelike wêreld waarin alles bestaan en as 't ware verkeer in die diepste intiemste vorm. Dit beteken die interne in teenstelling met die eksterne openbaring van alle werklikheid. Ek is in alles en alles is in my. Dit is 'n heeltemal nuwe orientasie en transformasie van individuele bestaan. Volgens die standpunt van die mistiek beteken die lewe dan om nie langer die gevoel van verdrukking te hê vanweë 'n uitwendige werklikheid soos in die natuurlike werklikheid nie, maar om oortuig te wees dat alles deel vorm van my eie innerlike bestaanslot, en op so 'n wyse bestaan, dat dit 'n eenheid vorm met my eie self. Die mistisisme is die teenoorgestelde van historiese realisme en tog is daar 'n mistisisme ook van die geskiedenis. Die hele geskiedenis van die wêreld is die geskiedenis van my gees, want in die gees staan die twee geskiedenisse nie meer teenoormekaar nie. Dit beteken nie dat ek my identiteit of die werklikheid my eie bestaan verloor deur opgeneem te word in andere objekte nie. Dit beteken veeleer dat ek werklikheid, bestaan en persoonlikheid verwerp wanneer alles rondom my nie meer uitwendig, vreemd, ontoeganklik of lewensloos is nie, en dit beteken ook dat die koninkryk van liefde verwerklik is.

Ons tree 'n nuwe geestelike periode binne wat 'n teenhanger gaan wees vir die huidige era van materialisme. Daar sal 'n nuwe vorm van mistisisme wees wat sal ooreenstem met hierdie nuwe periode in die Christelike geskiedenis. Voortaan sal dit onmoontlik wees om die konsepsie van die hoër lewe te opponeer deur te wys op die son-

dige menslike natuur wat te bowe gekom moet word. Daar is nie meer plek vir 'n skyn-Christelikheid gebaseer op gewoonte of tradisie nie. Dit is juis die mistieke en geestelike wat lei tot oorwinning oor sonde. Die wêreld maak 'n tyd van katastrofe en krisis deur en ons moet kant kies. 'n Hoër en meer intens geestelike lewe word van die Christen vereis. Christelike lewe wat blote vorm en gewoonte is, is in hierdie tyd van geen waarde nie, terwyl die Christelike lewe wat ewige betekenis het, met 'n innerlike mistiese kwaliteit sterker en meer intens word. Die kerk self sal haar houding teenoor die mistiek en geestelike lewe moet aanpas. Dit is slegs gedurende tye wanneer daar op 'n koppige wyse gekleef word aan gewoonte en eksterne tradisie dat geloof sonder 'n mistieke element is. 'n Onvermydelike verandering vind plaas gedurende periodes wanneer tradisie en gewoonte onderworpe word aan katastrofiese versteurings. Dit is dan dat die mistieke verband met die werk van die Heilige Gees oorweeg. 'n Periode van geestelike herlewing in die Christendom sal onwillekeurig gepaard gaan met ongekende en ongeëwenaarde manifestasies van die Heilige Gees.

C. E. PRINSLOO.

*Bibliografie*: Berdyaev: *Freedom and the Spirit*, Bles London. 1935. Berdyaev: The Fate of Man in the Modern World (Student Christian Press, Londen 1935). Berdyaev: Slavery and Freedom (Bles, London 1943).